# Kammaland – w

Vandag gaan ons Kammaland toe! Vat mamma, pappa, boetie of sussie se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit!


"Welkom in Kammaland. Maatjie, vandag ontmoet ons vir Willie padda. Sê hallo vir Willie!"

"Môre maat, Dit is so lekker om jou te ontmoet. Hoe gaan dit met jou?" vra Willie padda.

"Willie, ons het gehoor dat ons maats hier in Kammaland van klankies kan leer. Is dit so? Wie gaan vir ons daarvan leer?"

"Ek gaan vir julle daarvan leer! Ek gaan sommer dadelik begin," sê Willie.

"Maatjie, jy sien mos dat ek hier op 'n pragtige paddastoel sit, né! Weet julle ook dat ons paddatjies baie daarvan hou om te spring. Nou ja, so gebeur dit dan dat ek van my paddastoel afspring en opspring. Ek spring af, op, af en weer op 'n ander paddastoel! So het ek aangehou en toe kom ek agter dat ek die eerste letter van my naam gespring het. Kyk weer mooi!"




"Af, op, af en weer op. Weet jy dalk met watter klankie my naam begin? Ja, jy is reg. Dit begin met 'n 'w'. Begin jou naam dalk ook met 'n 'w'? Jy is sommer baie slim, hoor!"

"Sjoe Willie, ons het dit sommer maklik geleer, nou moet ons net oefen om dit self te skryf. Skryf dit buite in die sand, op mamma se rug, op die vloer of op jou been. Ons moet nou eers weer gaan, totsiens Willie!"

"Totsiens maatje," groet Willie.

Vat weer mamma se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.